
# 70 Die Here God alleen is sterk




Die berge met hul trotse hoof,
stel Hy soos wagters oor ons land,
die see, van alle rus beroof,
lê in die holte van sy hand.

Neem aan, o grote God en Gees,
die gawes wat u kinders bring:
Laat hierdie huis u tempel wees,
ons hart u Naam en eer besing!

Laat elk dié waarheid hier betuig:
Slegs godsvrug maak ons waarlik wys,
Laat harte nou ootmoedig buig,
gelowig wandel na u eis.

Onbekend R. Schumann (1810-56)